Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

DESEMBER 2022

Bulletin

#overstrand4all | Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand | #C4ourself

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Stanford	028 341 8500
24-uur-beheerkamer	028 313 8000/8111
Brandweer	028 312 2400

VATVYF, OVERSTRAND!
SÓ SORG ONS DAT BLOU VLAE TROTS BLY WAPPER

SÓ SORG ONS DAT BLOU VLAE TROTS BLY WAPPER WESSA se hoofuitvoerende beampte, Helena Atkinson, wens Overstrand se burgemeesterskomiteelid vir gemeenskapsdienste, rdl. Ronald Nutt, geluk. Die uitvoerende burgemeester van die Bitou Munisipaliteit, David Swart, en 'n verteenwoordiger van die nasionale departement van toerisme, Jonga Kuhlane, het dié heuglike oomblik gade geslaan.

Overstrand kan met genoeë aankondig dat vyf van sy strande – Grotto, Hawston, Onrus, Kleinmond en Castle – hul Blouvlagstatus vir die 2022/23-seisoen behou het.

Van die 51 Suid-Afrikaanse strande wat vanjaar geakkrediteer is, is 33 in die Wes-Kaap, nege in KwaZulu-Natal en nege in die Oos-Kaap.

Overstrand se burgemeesterskomiteelid vir gemeenskapsdienste, rdl. Ronald Nutt, en Roderick Williams, direkteur: gemeenskapsdienste, het vroeg in November vanjaar die amptelike bekendstelling in Plettenbergbaai bygewoon waar hulle die Blou Vlae namens die munisipaliteit ontvang het.

"Ons is baie trots daarop dat ons ons Blouvlagstatus behou het want dit dien as internasionale bevestiging dat ons strande nie net pragtig en veilig is nie maar ook omgewingsvriendelik. Ons doen ons bes om ons fasiliteite in 'n goeie toestand te hou sodat ons gedurende die somermaande toeriste van wyd en syd in ons dorpe kan verwelkom," het rdl. Nutt gesê.

In Suid-Afrika word die Blouvlagprogram deur WESSA (die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Natuurlewe en Omgewing) bestuur. Ten tyde van die bekendstelling het WESSA se hoof- uitvoerende beampte, Helena Atkinson, gesê daar is tans meer as 5 000 Blouvlagstrande, -marinas en -toeristebote oral in die wêreld en dat Suid-Afrika (een van 48 lande waar hierdie internasionaal erkende eko-kenteken tentoongestel word) trots kan wees op sy algehele prestasie.

Desnieteenstaande het sy daarop gewys dat van die grootste uitdagings die afgelope seisoen met riolering verband gehou het, en hierdie kwessie het dikwels daartoe gelei dat watermonsters nie aan die vereiste standaarde voldoen het nie. "By swemplekke is watergehalte 'n belangrike faktor vir die behoud van 'n strand se Blouvlagstatus omdat dit aan die hoogste standaard moet voldoen," het sy gemaan.

Ongelukkig het die vernietigende vloede in KwaZulu-Natal daartoe gelei dat sommige strande ten opsigte van watergehalte nie die toets geslaag het nie, maar Atkinson het daarop gewys dat WESSA daartoe verbind is om ten nouste met die geaffekteerde munisipaliteite saam te werk sodat daar werk gemaak kan word van die grondoorsaak en daardie terreine so gou as moontlik weer op dreef kan kom.

Grotto se Blouvlagstatus sal op 1 Desember in werking tree en tot 31 Maart 2023 geld. In die geval van Hawston-, Onrus-, Kleinmond- en Castle-strande, sal die status ook op 1 Desember in werking tree maar hul Blou Vlae sal slegs tot 22 Januarie 2023 wapper. Let daarop dat geen troeteldiere vir die duur op Blouvlagstrande toegelaat sal word nie, en dat die gebruik en/of besit van enige alkoholiese drankies in alle openbare plekke, strande ingeslote, streng verbode is.

Lewensreddings- en sekuriteitsdienste sal vir die duur van die vakansieseisoen ten volle operasioneel wees op voormelde strande.

KENNIS UITGERUIL TEN BESWIL VAN GROENER STEDE

Beoordelaars van boomvriendelike stede & Overstrand sit koppe bymekaar

Soos in die Oktoberuitgawe van *Bulletin* berig, is Munisipaliteit Overstrand vanjaar met die gesogte nasionale toekenning vir die boomvriendelikste stad bekroon.

Met die doel voor oë om meer stede en dorpe te inspireer om hul omgewings te vergroen, word daar van die beoordelaars verwag om 'n nabetragtingsessie met elke jaar se wenners te hou.

Aangesien die paneel veral beïndruk was met die boomkarteringsprojek wat Overstrand onlangs van stapel gestuur het om te sorg dat bome in die area na behore bestuur en versorg word, het hierdie dinkskrum (wat oor twee dae gestrek het) meestal gefokus op hoe hierdie innoverende projek wyer ontplooi kan word om seker te maak dat die nodige aandag geskenk word aan bome in nuutgevestigde nedersettings.

Om die besoek af te sluit, is afgevaardigdes die geleentheid gegun om hulle in die natuurskoon van die Harold Porter- botaniese tuin te verlustig.

Raadslid Clinton Lerm, Theo Steenberg (adjunk-direkteur: gemeenskapsdienste) en Lauren Rainbird (tuinboukundige) het as gashere opgetree vir die duur van die beoordelaars se besoek aan Overstrand. Hier geniet hulle 'n welkome blaaskansie in die geselskap van Lynn January (Instituut vir Omgewings- en Ontspanningsbestuur [IERM]/die Stad Kaapstad), Lihle Mdladla (nasionale departement van bosbou, visserye en die omgewing [DFFE]), Angustina Mabuya (TotalEnergies Suid-Afrika), Nosipho Ndzimbomvu (assistentdirekteur: regulering [DFFE]), Tebogo Mathaba (SANBI), Jacques Cedras (IERM/die Stad Kaapstad) en Mike Modise (adjunk-direkteur: kleinskaal-bosbou [DFFE]).

KATEGORIE B & C-DEERNISHUISHOUDINGS MOET DRINGEND HERREGISTREER

Aangesien kategorie B- en C-deernishuishoudings (d.w.s. huishoudings met 'n eiendomswaarde van tot op R220 000) tans uitgefaseer word, word 'n dringende beroep gedoen op alle geaffekteerde ontvangers van deernissubsidies om onverwyld 'n nuwe aansoek om deernisstatus in te dien.

Klop gedurende kantoorure by jou naaste munisipale kantoor aan om hulp, of bel een van die volgende nommers om jou status op te dateer:

HERMANUSADMINISTRASIE:
028 313 8027 | 028 313 8933 | 028 313 5060 | 028 313 8042

GANSBAAI- | STANFORD-ADMINISTRASIE: 028 384 8300 | 028 341 8500
KLEINMOND-HANGKLIP-ADMINISTRASIE: 028 271 8400

SONKRAGINSTALLASIES *MOET* GEREGISTREER WORD

Vir die meeste mense wat in Suid-Afrika woon, het dit alledaags geword om gereeld sonder elektrisiteit te wees weens gefaseerde beurtkrag. Om te verhoed dat hulle "kragteloos" gelaat word, het baie mense in een of ander rugsteunkragoplossing belê. Inwoners moet in gedagte hou dat registrasie van alle installasies vir kleinskaalse gekoppelde opwekking (in Engels small-scale embedded generation afgekort as SSEG) verpligtend is, selfs al is geen koppeling aan die kragnet ter sprake nie.

Hoekom moet ek registreer?

- Overstrand is wetlik verplig om te verseker dat die elektrisiteit wat aan sy kliënte versprei word aan bepaalde gehaltestandaarde voldoen. Om ons in staat te stel om dit kan doen, moet ons weet waar opwekkingstelsels aan die kragnet gekoppel is om te verseker dat die stelsel veilig en wettig is.
- Alle permanente kragopwekkers in Overstrand se elektrisiteitsvoorsieningsgebied wat aan die kragnet gekoppel is, moet skriftelik gemagtig word. Ingevolge Overstrand se Verordening op Elektrisiteitsvoorsiening kan ongemagtigde kragopwekkers wat aan die kragnet gekoppel is (sogenaamde *grid-tied*-stelsels) as 'n vorm van peutery beskou word. Let daarop dat stelsels wat nie aan die kragnet gekoppel is nie (sogenaamde *off-grid*-stelsels), ook geregistreer moet word sodat hulle nie vir kragnetgekoppelde stelsels aangesien word nie.
- Baie stelsels wat beweer dat hulle nie aan die kragnet gekoppel is nie, is nie van die huis se elektriese bedrading geskei nie en is dus tegnies gesproke nie "ongekoppel" nie. Om as 'n ongekoppelde stelsel te kwalifiseer, moet 'n fotovoltaïse (FV-) sonkragstelsel geheel en al van die eiendom se elektriese bedrading geskei wees.
- Ongemagtigde FV-stelsels kan inmeng met Overstrand se elektrisiteitstoevoer, die bestuur van die vraag na elektrisiteit en toekomstige netwerkbeplanning.
- Koppeling van 'n ongemagtigde SSEG-stelsel aan die kragnet kan 'n veiligheidsrisiko inhou vir personeel wat elektriese instandhoudingswerk doen en is ook 'n brandrisiko vir jou huishouding as dit nie na behore geïnstalleer word nie.
- Voorts kan jy probleme op die hals haal met toekomstige versekeringseise indien 'n ongemagtigde stelsel gebruik word.
- NERSA vereis dat alle installasies met 'n opwekkingskapasiteit van minder as 1 megavolt-ampère (MVA) by die tersaaklike verspreidingsowerheid geresisteer moet word. Dit sluit die meeste ongekoppelde sonkragoplossings vir residensiële huise en sommige kleinerige kantore in.

SSEG-riglyne

Die munisipaliteit het 'n stel riglyne daargestel wat kliënte met die registrasie van hul stelsels kan help.

Overstrand se program vir kleinskaalse gekoppelde opwekking bied aan alle verbruikers met SSEG-installasies die geleentheid om vir 'n kragnetgekoppelde of -ongekoppelde aansluiting aansoek te doen.

Die SSEG-program maak dit vir verbruikers moontlik om vir munisipale goedkeuring aansoek te doen, 'n tweerigtingmeter te installeer en dan teen 'n jaarliks goedgekeurde munisipale tarief vergoed te word vir elke eenheid wat in die munisipale kragnet teruggevoer word.

Kliënte wat 'n SSEG-stelsel wil installeer, ongeag die opwekkingskapasiteit, moet 'n aansoekvorm invul en skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit versoek alvorens die stelsel verkry en geïnstalleer word. Die goedkeuringsproses vir 'n SSEG-installasie sal varieer na gelang van die grootte van die stelsel en die verbruikskategorie.

Die volgende stelsels moet geregistreer word:

√ Gekoppel aan kragnet met invoer (hibriede stelsels ingesluit) – waar oormaatelek trisiteit teruggevoer word na die kragnet;

√ Gekoppel aan kragnet met trukragblokkering – wanneer die kraglewering met die huishouding se elektriese bedrading verbind is en via 'n meter aan die munisipale kragnet gekoppel is;

√ Kragomskakeklaars gekoppel aan kragnet wat in "eilandmodus" kan funksioneer" – word tydens algehele kragonderbrekings gebruik; en

√ SSEG's nie aan kragnet gekoppel nie – nie op enige wyse met die elektrisiteits-netwerk verbind nie.

Moontlike amnestie

'n Voorstel om 'n amnestietydperk te verleen sodat inwoners tyd gegun word om hul huidige sonkraginstallasies te registreer sonder om beboet te word, sal eersdaags voor die Raad dien. Sodra 'n besluit oor dié aangeleentheid geneem is, sal die uitsluitsel bekend gemaak word.

Relevante dokumentasie

Die volledige riglyne, vorms en tersaaklike verordening is beskikbaar op Overstrand se amptelike webwerf www.overstrand. gov.za

- Vir elektrisiteitsdokumente, klik op die *Documents*-oortjie en dan *Electricity.*
- Vir die Verordening oor Elektrisiteitsvoorsiening, klik op die *Documents*-oortjie en dan *Bylaws*.

Wie om te kontak: Navrae in hierdie verband kan gerig word aan die munisipaliteit se elektrisiteitsdepartement. Bel 028 313 8000 | 028 384 8358 | 028 316 2630 of stuur 'n e-pos na enquiries@overstrand.gov.za.

Elektrisiteit

OPDATERING VAN KOOPKRAGMETERS

Op die 1ste November het die proses om die sagteware op munisipale kliënte se koop-kragmeters op te dateer 'n aanvang geneem.

Daar word algemeen na hierdie proses verwys as die TID-oorrol. TID staan vir "token identifier" en is die kode wat gegenereer word wanneer jy elektrisiteit koop. Tot op hede word daardie kodes bereken vanaf 'n 1994-basisdatum, maar daardie reeks sal teen November 2024 uitgeput wees.

Om 'n situasie te vermy waar jy vanaf November 2024 nie meer elektrisiteit sal kan koop nie, moet jou koopkragmeter herprogrammeer word. Die nuwe reeks kodes is voldoende tot en met 2045.

Die koopkragmeters van verbruikers wat hul elektrisiteit by Munisipaliteit Overstrand koop, sal per area opgedateer word, en ons wil benadruk dat hierdie nie 'n metervervanging is nie, en geen fooie sal gehef word om jou meter te laat opdateer nie.

Die oorrol sal só verloop

Sodra jou area vir opdatering aan die beurt kom, sal jy twee ekstra kodes met 20-syfers ten tyde van jou eerste elektrisiteitsaankope vir die maand ontvang. Met ander woorde, daar sal drie kodes in totaal op die koopbewys wees: Die twee ekstra kodes plus die gebruiklike een. Dieselfde geld wanneer 'n banktoepassing gebruik word om krag te koop.

Al drie kodes moet in volgorde ingevoer word.

Volg hierdie stappe:

1. Voer die eerste 20-syfer-sleutelveranderingskode in en wag totdat dit aanvaar is.
2. Voer die tweede 20-syfer-sleutelveranderingskode in en wag totdat dit aanvaar is.
3. Voer die gewone 20-syfer-elektrisiteitskoopbewys in om die eenhede soos gebruiklik te herlaai.

❖ ***Let daarop dat jy die twee ekstra kodes slegs eenmalig sal ontvang.***

SORG DAT JY ALLE ONGEBRUIKTE KOOPBEWYSE INVOER VÓÓR JY OPDATEER!

❖ ***Enige koopbewyse in jou besit wat nog nie op jou meter ingevoer is nie, moet eers ingepons word voordat enige verandering aangebring word. As jy nie jou ongebruikte koopbewyse eers invoer nie, sal jy hulle nie kan gebruik nadat jy die sleutelverandering-koopbewys ingevoer het nie.***

Hoe om die status van jou meter te kontroleer

Wanneer jy elektrisiteit koop, word die volgende inligting onderaan jou naam en adres gedruk op die koopbewys wat aan jou uitgereik word: jou SGC (*Supply Group Code*), die TI (*Token Identifier*), KRN (*Key Revision Note*) en, heel onderaan, die Tarief.

Die KRN wys wat die status van jou meter is ten opsigte van die TID-oorrol. As dit KRN 1 is, moet jou meter nog herprogrammeer word. As die KRN 2 is, is herprogrammering van jou meter afgehandel.

Waar om hulp te kry

As jy probleme ondervind met die opdatering van jou koopkragmeter, kontak Munisipaliteit Overstrand gedurende kantoorure (Ma. – Vr. van 07:45 – 13:00 en van 13:45 – 16:30) by een van die volgende nommers:

- Hermanusadministrasie: 028 313 8000 (finansies) of 028 316 2630 (elektrisiteit)
- Hangklip-Kleinmond-administrasie: 028 271 8400
- Gansbaai- en Stanford-administrasie: 028 384 8358 of 028 384 8376

Eskomkliënte

Overstrandse inwoners wat hul elektrisiteit direk van Eskom koop, moet daarop let dat hulle ook deur die TID-oorrol geraak gaan word. Aangesien Eskom sy eie opdateringsproses volg, word hierdie inwoners egter aangeraai om hul navrae direk aan Eskom te rig, of te wag totdat Eskom hulle kontak.

GEEN VUURWERKE TOEGELAAT NIE!

BORSKANKER:
Vroeë bespeuring deurslaggewend

Ceejay Swarts, Deidré April, suster Marie du Plessis en Zintle Ngwendu

Raadslid Elnora Gillion saam met Christene Pretorius (links) en tannie Ann Claasen

Oktober is Borskankerbewusmakingsmaand, 'n jaarlikse veldtog om mense bewus te maak van die impak van borskanker en waarom vroeë bespeuring so belangrik is.

As deel van hierdie veldtog het die biblioteke in Hermanus en Mount Pleasant die inwoners van die SOFCA-verswaktesorgsentrum en die Lombardi-sorgsentrum met koek en tee in die munisipale banketsaal getrakteer onderwyl klavierspeler David Fritz tussendeur vir ligte vermaak gesorg het.

Pastoor Gregory Meyer het die geleentheid met 'n paar bemoedigende woorde geopen, gevolg deur suster Marie du Plessis wat oor kanker gepraat het en waarom vroeë bespeuring en 'n behoorlike diagnose so belangrik is.

Alhoewel sy die nodigheid vir 'n jaarlikse mediese ondersoek en gereelde kankersifting benadruk het, het sy ook daarop gewys dat daar 'n paar vroeë waarskuwingstekens is waarop almal (hetsy manlik of vroulik) bedag moet wees.

Die mees algemene teken van borskanker is 'n nuwe klont of massa. Daar is 'n groter waarskynlikheid dat 'n harde klont met onegalige rande wat nie gevoelig is nie, kanker is. Sommige kankers kan egter gevoelig, sag en gerond wees. "Die beste raad is om enigiets ongewoons so gou as moontlik deur 'n dokter te laat ondersoek," het sy beklemtoon.

Ander moontlike tekens van borskanker kan die volgende insluit:

- swelling van die hele of 'n gedeelte van die bors,
- velirritasie of "dimpling"(ingeduik soos 'n lemoenskil),
- borspyn,
- rooiheid, skubberigheid of verdikking van die tepel of borsvel,
- 'n afskeiding uit die tepel anders as borsmelk, en
- 'n klont in die armholte.

Die geleentheid is afgesluit met 'n voorlesing deur Lara Kirsten van 'n uittreksel uit die boek *Kanker Schmanker* deur Madelein Rust, 'n borskanker oorlewende wie se kraakeerlike vertelling van hoe die siekte haar geaffekteer het en hoe sy die nadraai te bowe gekom het as 'n inspirasie vir kankerpasiënte oral in die wêreld dien.

HERMANUS-RUIMTEWEERSENTRUM TEN VOLLE OPERASIONEEL

Hermanus spog nou met die enigste ruimteweer-streekswaarskuwingsentrum in Afrika. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Ruimteagentskap (SANSA) het drie jaar gewy aan die ontwikkeling van infrastruktuur, ontplooiing van die allernuutste instrumentasie en verkryging van die nodige vaardighede om hierdie sentrum te bedryf wat amptelik op Donderdag, 3 November 2022 geopen is.

Volgens dr. Blade Nzimande, minister van hoër onderwys, wetenskap en innovasie, het die totale belegging om dié sentrum te ontwikkel R107.5 miljoen beloop, wat 'n geoormerkte oprigtingstoekenning van R70.89 miljoen vanaf die departement van wetenskap en innovasie insluit sowel as 'n verdere direkte investering van R36.6 miljoen deur SANSA.

Die Hermanus-ruimteweersentrum sal 'n belangrike diens aan Suider-Afrika lewer deur die son en sy aktiwiteite te moniteer ten einde inligting, vroeë waarskuwings en voorspellings oor ruimteweertoestande te verskaf. Hierdie ruimteweerprodukte en -dienste word in hoofsaak benodig vir die kommunikasie- en navigasiestelsels wat deur die verdediging-, lugvaart-, navigasie- en kommunikasiesektor gebruik word.

Onder die hooggeplaastes wat daar was om die lint te sny, was Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie; onderburgemeester, Lindile Ntsabo; die uitvoerende burgemeester van die Overberg-distriksmunisipaliteit, Sakkie Franken; SANSA se voorsitter, Patrick Ndlovu; SANSA se hoof- uitvoerende beampte, Andiswa Mlisa; SANSA se besturende direkteur vir ruimtewetenskap, dr. Lee-Anne McKinnell en verskeie amptenare van die ministerie en die departement van wetenskap en innovasie.

Burgemeester Rabie het haar waardering betuig teenoor al die betrokkenes wat tot die ontwikkeling van hierdie sentrum bygedra het wat nie net van uiterste waarde vir Hermanus is nie, maar ook tot voordeel van die land en die vasteland in geheel gaan strek.

"Benewens die feit dat hierdie projek wat deur SANSA onderneem is, werksgeleenthede skep en help om menslike talent op die hoogste vlak te ontwikkel, moet ons nie uit die oog verloor dat die groot dataplatforms en satellietgebaseerde versterkende stelsels wat gelyklopend ontwikkel word, ook ons landbou-ekonomie ondersteun nie – en dít lê in wese voedselsekuriteit ten grondslag. Net daarvoor verdien julle die hoogste lof," het sy gesê.

ROLSTOELGESKENK SORG VIR GROOT VREUGDE

Rodney Munnik en JH Stoffels, lede van OAPD, het splinternuwe rolstoele van EasyPay ontvang. Daar om in dié jeuglike geleentheid te deel was Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie (heel regs); EasyPay se provinsiale hoof vir die Wes-Kaap, Lebogang Nyokong; Overberg-distriksmunisipaliteitraadslid, Archibald Klaas en Overstrand se onderburgemeester, Lindile Ntsabo sowel as Overstrand se Thusongsentrumkoördineerder, Ronell Salies (in geel) en OAPD-maatskaplike werker, Shifra Stuurman (heel links). Regs sit Waldemar Gibson (wit keps) en Jonathon Stoffels van OAPD.

EasyPay het die lewens van baie families in die Overstrand verander deur agt splinternuwe rolstoele aan lede van die Overstrandse Vereniging vir Persone met Gestremdhede (OAPD) in Hawston, Zwelihle en Kleinmond te skenk.

'n Verdere vier rolstoele is aan Hermanus se gemeenskapsdagsentrum (CDC) oorhandig waar dit deur bejaardes en gestremdes wat die kliniek gereeld besoek, benut sal word.

Suster Heather Kinnear, bedryfsbestuurder van die Hermanus-CDC, sê die kliniek het altyd 'n behoefte aan rolstoele waarmee mense in en om die gebou vervoer kan word.

"Ons pasiënte en portiers gaan baie bly wees dat daar nou vier nuwes is wat hulle kan gebruik," het sy bygevoeg.

Ten tyde van die oorhandiging het Overberg-distriksmunisipaliteitraadslid en programdirekteur, Archie Klaas, gesê die meeste mense wat 'n rolstoel nodig het, het nie toegang tot sulke stoele nie omdat hulle skaars en nogal duur is. "Ons is baie dankbaar vir hierdie skenking en waardeer die moeite wat Overstrand se Thusongsentrum-koördineer gedoen het om hierdie oorhandiging te fasiliteer", het hy bygevoeg.

Ook teenwoordig by dié geleentheid was Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, wat opgemerk het dat dit "fantasties is dat mense nou 'n kans gaan hê om uit hul huise of beddens te kom sonder om so kwaai van ander afhanklik te wees. Hulle kan nou uitkom en die wêreld in al sy fasette beleef omdat hulle nie meer gevange gehou word weens hul gebrek aan beweeglikheid nie."

Benewens om EasyPay vir hul ruim skenking te bedank, het sy ook haar opregte dank uitgespreek teenoor OAPD vir die ongelooflike poging wat hulle aanwend om te verseker dat daar na die behoeftes van Overstrand se minder beweeglike inwoners omgesien word.

MAAK SÓ MET HUISHOUDELIKE AFVAL OOR FEESSEISOEN

Selfs al val jou area se verwyderingsdag op 'n openbare vakansiedag sal Munisipaliteit Overstrand steeds huishoudelike afval verwyder soos per die gebruiklike skedule wat hieronder aangetoon word.

ALLERBELANGRIK: Afval moet slegs vir verwydering uitgeplaas word ***vroegoggend op die geskeduleerde verwyderingsdag***. Moenie huishoudelike afval oornag op die sypaadjie los of dit op enige ander dag vir verwydering uitplaas nie.

Nalating om aan hierdie versoek te voldoen, kan jou duur te staan kom want oortreders sal swaar gestraf word.

DIE SKEDULE VIR VERWYDERING IS AS VOLG:

VIR GANSBAAI:

MONDAY: Pearly Beach • TUESDAY: De Kelders, Masakhane, Beverly Hills
WEDNESDAY: Franskraal, deel van Gansbaai Industrieel en Masakhane
THURSDAY: Kleinbaai, Baardskeerdersbos en deel van Gansbaai Sakegebeied
FRIDAY: Gansbaai, Perlemoen Bay, Blompark, Masakhane, Beverly Hills

VIR STANFORD:

DINSDAG: noord van De Bruynstraat
DONDERDAG: suid van De Bruynstraat

VIR HERMANUS:

MAANDAG: Vermont, Fisherhaven, Voëlklip
DINSDAG: Onrus, Chanteclair, Berghof, Sandbaai, Hemel-en-Aarde
WOENSDAG: Zwelihle, Mount Pleasant
DONDERDAG: Westcliff, Northcliff, woonhuise in die Sake- en Nywerheidsgebied
VRYDAG: Hawston, Eastcliff, Hermanus Heights, Kwaaiwater, Fernkloof

VIR HANGKLIP-KLEINMOND:

MAANDAG: Rooi-Els, Kleinmond-seelane, Kleinmond-berglane, Klein Berlyn, Heuningkloof DINSDAG: Proteadorp, Overhills, Mountain View, Uitbreiding 6, Palmiet, Sunny Seas, Jock se Baai
WOENSDAG: Bettysbaai, Mooiuitsig
DONDERDAG: Pringlebaai • VRYDAG: Besighede

Diegene wat in verklaarde probleemdierareas woonagtig is, moet asseblief ag slaan op die artikel oor bobbejane hieronder.

In gevalle waar 'n oormaat huishoudelike afval oor die feesseisoen gegeneer word, besorg asseblief die addisionele afval aan een van die volgende fasiliteite vir veilige wegdoening: Pearly Beach-aflaaiterrein, Gansbaai-vullisterrein, Stanford-aflaaiterrein, Voëlklip-aflaaiterrein, Voëlklip-mini-aflaaiterrein, Hermanus-aflaaiterrein, Hawston-aflaaiterrein, Kleinmond-oorlaaistasie, Bettysbaai-mini-aflaaiterrein, Bettysbaai-aflaaiterrein vir tuinvullis en Pringlebaai-mini-aflaaiterrein.

Let daarop dat die mini-aflaaiterreine gerieflikheidshalwe bedoel is vir naweekbesoekers / vakansiegangers wat die area vóór die geskeduleerde verwyderingsdag moet verlaat en 'n plek nodig het waar hulle hul huishoudelike afval veilig na ure kan besorg eerder as om sakke op die sypaadjie te los. Om daardie rede kan hierdie terreine slegs klein volumes (d.w.s. 'n paar sakke) op 'n keer hanteer.

Desnieteenstaande sal groter aflaaiterreine en oorlaaistasies vragte van tot een ton aanvaar sonder om enige koste te hef, maar 'n fooi is wel betaalbaar vir enige vrag van tussen een en drie ton. Let daarop dat daar met vragte van meer as drie ton weggedoen moet word by een van twee vullisterreine, naamlik Gansbaai of Karwyderskraal.

HERWIN, HERSIRKULEER, HERGEBRUIK

Ons herinner alle inwoners en besoekers daaraan dat herwinning in Overstrand weer in volle swang is. Plaas gerus jou herwinbare items op verwyderingsdag uit in 'n deursigtige sak. Ons sal dit optel, die deursigtige sak met 'n nuwe een vervang, en jou herwinbare items na die naaste materiaalherwinningsfasiliteit vervoer waar dit na gelang van die gepaste herwinningstroom gesorteer en verwerk sal word.

Daar kan met 'n oormaat tuin- en groen afval vir kerf-/komposteringsdoeleindes weggedoen word by een van die volgende fasiliteite • Pearly Beach-aflaaiterrein • Gansbaai-vullisterrein • Stanford-aflaaiterrein • Voëlklip-aflaaiterrein • Hermanus-oorlaaistasie • Kleinmond-oorlaaistasie • Bettysbaai-aflaaiterrein vir tuinafval.

Namens die direktoraat: infrastruktuur en investering wens ons alle inwoners, besoekers en vakansiegangers 'n aangename feesseisoen toe en sê sommer nou al dankie dat julle gaan help om ons dorpe netjies te hou sodat almal se verblyf so aangenaam as moontlik kan wees.

KOM MAATREËLS TEEN VELDBRANDE NA:

MAAK VERGROEIDE ERWE SKOON EN SORG DAT JOU EIENDOM SLAGGEREED IS!

Aangesien die jaarlikse brandseisoen amptelik van vroeg-November tot einde-Mei duur, het die tyd nou aangebreek om seker te maak dat alle onbeboude erwe skoongemaak word deur indringerplante uit te roei en alle rommel op die erf op te ruim aangesien dit uiters vlambaar is en veldbrande kan vererger.

Eienaars van onbeboude, vergroeide erwe word hiermee versoek om te verseker dat hulle eiendomme aan die maatreëls teen brande voldoen ten einde te verhoed dat brande ontstaan en na aangrensende bewoonde erwe en die veld versprei. Op sy beurt het Munisipaliteit Overstrand se munisipale bestuurder, Dean O'Neill, die versekering gegee dat 'n interne taakspan seker sal maak dat openbare oopruimtes en areas wat deur die munisipaliteit beheer word, ook voorbereid is op brande en dat brandbane aangebring word. "As almal saamwerk, kan ons sorg dat wegholbrande gedurende hierdie seisoen tot die minimum beperk word," het hy gesê. Ter voorbereiding vir die brand-seisoen word 'n dringende beroep op inwoners gedoen om van vlambare materiaal op hul eiendomme ontslae te raak deur onverwyld die volgende veiligheidsmaatreëls teen brande te tref:

- Sny plante terug en sorg dat daar geen dooie plantmateriaal rondom jou huis is nie.
- Maak seker dat jou dak en geute skoon is.
- Skuif vuurmaakhout weg van jou huis.
- Sorg dat geen vlambare materiaal soos gassilinders onder dekke of stoepe gestoor word nie.
- Maak seker dat jou oprit skoon is deur oorhangende plante terug te snoei en dat die oprit wyd genoeg is om 'n brandweerwa te akkommodeer.
- Sorg dat jou tuinslang deurentyd aan 'n kraan gekoppel is.

In die Wes-Kaap is oop vure 'n algemene oorsaak van wegholbrande. Om daardie rede is dit nie raadsaam om 'n vuurtjie aan te steek wanneer dit warm en droog is nie, en veral nie wanneer die wind waai nie. Onthou ook dat brandende kerse, braaivure en ander oop vlamme nooit onbewaak gelaat moet word nie.

Om 'n brand te rapporteer of om die nooddienste uit te roep, bel 028 312 2400 dadelik. Hierdie 24/7-lyn is uitsluitlik daar om so gou as moontlik op brandverwante noodgevalle te reageer.

RED ONS BOBBEJANE: MOENIE HULLE VOER NIE

Bobbejane is vindingryk en het geleer om mense met kos te assosieer. Hulle weet dat kos wat hulle by mense aas beteken dat hulle nie vir ure aaneen in die berge vir hul eie hoef te soek nie.

Die hartseer is dat kos wat mense eet 'n erge bedreiging vir bobbejane inhou en ernstige, onomkeerbare gesondheidsprobleme – veral diabetes en tandverrotting – kan veroorsaak.

Wanneer inwoners en besoekers hulle in die Kogelbergbiosfeer en neffens die Kleinrivierberge tuismaak, moet hulle in ag neem dat hulle daardie ruimte met wilde diere deel en hul lewenstyl dienooreenkomstig aanpas.

Moenie 'n probleemdier skep nie: Wees wetsgehoorsaam

Al te dikwels is probleemdiere die gevolg van menslike gedrag. Juis om daardie rede moes Kleinmond, Bettysbaai, Rooi Els, Pringlebaai, Onrus, Voëlklip, Fernkloof (met inbegrip van die gholflandgoed), Hermanus Heights, Eastcliff en Kwaaiwater as probleemdiergebiede verklaar word.

In hierdie gebiede moet alle huishoudings van probleemdierbestande vullisblikke gebruik maak en die bepalings vervat in Munisipaliteit Overstrand se Verordening op die Geïntegreerde Bestuur van Vaste Afval nougeset nakom.

Nalating om dit te doen, sal swaar boetes tot gevolg hê.

Raak ontslae van huishoudelike afval op 'n omgewingsvriendelike en bobbejaanbestande wyse

- Geen huishoudelike afval mag op die sypaadjie uitgeplaas word vóór die dag wat vir afhaling geskeduleer is nie.
- Alle vullishouers moet met 'n bobbejaanbestande sluittoestel toegerus word.
- Ongeag die omstandighede, moet alle oormatige afval na die naaste oorlaaistasie geneem word en **nie** goedsmoeds langs munisipale vullishouers gestort word **nie**.
- In die geval van naweekbesoekers en vakansiegangers moet reëlings met die bure getref word om huishoudelike afval op die geskeduleerde dag uit te plaas.

Tref voorsorgmaatreëls om jou huis teen bobbejaanstrooptogte te beskerm

'n Bobbejaanstrooptog kan erge chaos veroorsaak en selfs kleuters en troeteldiere in gevaar stel. Hou dus in gedagte dat bobbejane met gemak deur die kleinste opening kan wikkel en dat hulle nie sukkel om deure oop te maak nie. Daarom moet jy seker maak dat alle deure en vensters toe is en dat jy die alarm aangeskakel het voordat jy die huis verlaat.

Dit is ook raadsaam om nie ryp vrugte en groente oop en bloot ten toon te stel nie, en om maar eerder te sorg dat die honde se kosbakke en die voëltjies se saad buite bereik is.

Reageer kalm en gepas wanneer 'n bobbejaan jou huis teiken:

- Maak eerstens seker dat kleuters en troeteldiere veilig agter 'n toe deur in 'n vertrek is.
- Dan, eerder as om die dier te konfronteer, gun hom ruimte om ongehinderd sy pad na buite te vind.
- Hou ook in gedagte dat mens eerder nie moet probeer om "gesteelde" kos of artikels by 'n vasgekeerde dier af te neem nie.

Ná afloop van die voorval, ontsmet alle geaffekteerde areas en gebruik handskoene om van bobbejaanmis ontslae te raak.